

iGi, wat gisteraand gehoor het sy wen *Survivor SA: Santa Carolina*, by die aanbieder, Nico Panagio, en die naaswenner, Ashley Hayden.

# Wenner GiGi 'het onder radar gevlieg

manda de Lange

early Sippel, oftewel GiGi, het gisteraand met ses stemme teenoor Ashley Hayden se drie met die kroon s die "Ultimate Survivor" weggetap.

Al het Hayden nie gewen nie, het y die "negende jurielid" – die ubliek – se stem vir haar deelname an *Survivor SA: Santa Carolina* gery.

GiGi, 'n voormalige eksotiese danseres en nou sakevrou, het haar plek ot by die prysgeld van R1 miljoen R500 000 vir haarself en R500 000 vir Hospice Houghton, haar liefdadigeidsorganisasie) stil-stil oopgespeel.

"Deel van my strategie was om 'oner die radar' te vlieg," het sy gisterand op 'n mediakonferensie gesê.

"Ek bedryf my eie onderneming, waar ek daaraan gewoond is om in beheer te wees en bevele uit te deel. Op die eiland was dit heeltemal anders; ek moes stilbly en nie aandag trek nie."

Sippel meen sy het 'n "karakterspel" gespeel en dat dit waarskynlik in haar guns getel het op die laaste stamvergadering, waar sy deur die jurie ondervra is.

"En ek was gelukkig dat Ashley haar belofte gehou het en my wel saam met haar na die einde geneem het."

Die boodskap wat sy met haar deelname wou oordra, is dat vroue sterk en ware *survivors* is. "Vroue is baie sterker as wat mense dink."

Oor die geld wat na Hospice Hougton gaan, was Sippel baie opgewonde. "Die mense by Hospice is engele. Ek het al gesien wat hulle doen en hoe hulle mense help. Almal wat daar werk, is vrywilligers en hierdie geld gaan hulle baie help."

Met die geld wat sy in haar eie sak steek, beplan GiGi om die Lollipop Lounge, haar klub, uit te brei en op te knap.

"Ons sukkel met ruimte en ek het besluit om die klub groter te maak sodat dit geriefliker is vir die meisies wat vir my werk. En ons wil reg wees vir die sokker," het sy met 'n stoute glimlag bygevoeg.

Me. Helen Smit, hoof van plaaslike produksies by M-Net, het gesê die kanaal sal nog 'n *Survivor*-reeks met glansmense beslis oorweeg.

"Ons gaan môre nabetragting hou waarin ons die sukses van die reeks van alle kante sal bekyk.

"Ek dink ons het daarin geslaag om 'n baie vermaaklike reeks aan te bied en ons het van die beste kyksyfers ooit gekry.

"Daar is nog 'n moo tafel en ons tussen die moet kies," het Smit g

Die R20 000 wat Jub dadigheidsorganisasie aan Nico Panagio, aan *Survivor*, oorhandig w

Panagio het die orga sing Children SA verte

Volgens Smit het M- liefdadigheidsorganis nadat Jub Jub nie die 3 Maart gehaal het om vir die Ithumeleng Tr nie.

Die organisasie wou geld hê nie omdat hull Jub verbind wou word luk waarin hy betrokk vier skoolkinders doo

R1,7 miljoen sal aan mers se liefdadigheids oorhandig word.